Oktober 2023

Liewe vriende

Die jaar spoed ten einde en dit gee vir ons 'n geleentheid om vir julle 'n oorsig te gee van die werk wat ons hierdie jaar kon doen omdat julle ons daarin ondersteun het.

*Dis ons passie om te help met die herstel van gemeenskappe deur die fassilitering van gesonde verhoudinge met seerkry kinders, gebroke huise en ongesonde werksplekke.*

*Ons kon dit hierdie jaar doen deur die fassilitering van die volgende werkswinkels:*

- ***Trauma Bewustheid en Respons***

Hierdie is 'n een dag werkswinkel wat mense help om bewus te raak van die effek wat traumatiese gebeure op ons het en hoe ons met deernis met onsself en ander daarop kan reageer.

Ons kon die werkswinkel in Wallacedene, Kraaifontein aanbied vir vroue wat daagliks met traumatiese gebeure in hulle gebroke gemeenskap gekonfronteer word. Hulle getuig van groter begrip en deernis vir die slagoffers van traumatiese gebeure en 'n verdieping in verhoudinge met die slagoffers van trauma. Magda is ook genooi as gasspreker by hierdie gemeente se vrouemaand verrigtinge en het op 19 Augustus met hulle gesels oor die "Rol en Waarde van Spiritualiteit in die hantering van Trauma"

Die tema by die jaarlikse retreat van die Call42 Netwerk vir Christen sakelui en bedieningsleiers was "Dealing with Trauma and Crises in a VUCA world". Na die retreat het die leierspan van die Call42 Netwerk vir Theunis gevra om deel te wees van 'n fassiliteringspan wat hierdie tema as 'n 1 dag werkswinkel op 3 Junie in Brackenfell, 24 Junie in Bloemfontein en 5 Augustus in Centurion, Gauteng, aangebied het.

Hierdeur kon ons vir 48 bedieningsleiers van 25 verskillende organisasies die raamwerk en vaardighede gee om trauma te identifiseer en die mense wat hulle bedien te ondersteun en te help deur traumatiese gebeure.

- ***Saam loop met Seerkry kinders***

Hierdie werkswinkel is deur Petra Instituut in Witrivier ontwikkel en ons is as fassiliteerders van hierdie werkswinkel opgelei in 2015-2018. Ons het hierdie werkswinkel sedert 2019 vir 5 organisasies, wat met kinders werk, se werknemers en vrywilligers aangebied.

Vanjaar kon ons die 5-dag werkswinkel van 27-31 Maart by Jeriah Sending buite Darling aan bied. Hulle bedien plaas kinders en hulle getuig dat hulle nou beter verhoudinge met die kinders het. Hulle verstaan dat kinders kommunikeer wanneer hulle speel en dat die woorde wat kinders gebruik baie keer die speelgoed is wat hulle gebruik. Hulle kan nou gepas reageer op wat hulle hoor en sien wanneer hulle met die kinders werk. Die beter begrip en deernis wat die kinders ervaar help hulle om die werkers met hulle diepste seer te vertrou.

Daar was 'n moontlikheid om hierdie werkswinkel vir die personeel van kinderhuise in Hongarye aan te bied op uitnodiging van Good Sports Intl. Probleme met die status van die organisasie in Hongarye het ons planne gekortwiek en ons sal weer in 2024 hiermee opvolg.

Ons is tans besig om die werkswinkel aan te bied vir lidmate van Durbanville Community Church wat met kinders van Vallei Skool by Pamoenkraal buite Durbanville werk.

Inceba Trust is een van die organisasies waar ons die werkswinkel by verskillende geleenthede aangebied het. op 5 en 6 September kon Theunis deel wees van n'n gesprek waar verskillende rolspelers kon besin oor die impak van geweld op vroeë kinder ontwikkeling en hoe om dit aan te spreek.

- ***God, My Baba en Ek***

Hierdie is 'n nuwe werkswinkel wat deur Petra Instituut ontwikkel is. Ons kon as fassiliteerders opgelei word en ons kon deel wees van die fassiliteringspan wat hierdie werkswinkel op 18 Februarie by Living Hope in Noordhoek, aangebied het. Die materiaal fokus op die ontwikkeling van 'n kind se Spiritualiteit gedurende die eerste 1000 dae en help jong voornemende ouers en ouers om die grondslag vir 'n gesonde Spiritualiteit te lê.

- ***Deernisvolle Kommunikasie***

"The World needs a Father" beweging het vir Integer Netwerk SA gevra om fassiliteerders van hulle "Dad's Talk" werkswinkel op te lei in "Deernisvolle Kommunikasie". Theunis het hiermee gehelp en so 'n bydrae gelewer tot die uitvoering van hulle passie: "to bring Heaven home".

Op persoonlike vlak het ons 'n jaar vol vreugde en hoogte punte beleef. Ons eerste kleinseun, Luan Frederik Scheepers, is op 7 Maart gebore en hy is 'n lewendige, sterk seunjie! Ons kon ook ons dogter se 30ste en Theunis se 60ste verjaardsdae vier! Op Theunis se 60 ste verjaarsdag het ons ook verneem dat ons dogter swanger is en hulle eerste baba in Februarie 2024 verwag!

Dit beteken dat Magda voltyds by die versorging van die kleinkinders betrokke is en minder tyd het om saam met Theunis werkswinkels aan te bied. Daar is egter genoeg fassiliteerders wat hom kan bystaan en hy sal 'n nuwe "spanmaat" moet soek vir 2024.

Theunis werks steeds deeltyds in die kantoor van Beautiful Aromas, in Boston wat 'n water-basis lugsuiweraar en lugverfrisser bemark en verkoop. Hierdie werk vul ons inkomste aan, en laat hom toe om steeds sy liefde vir die fassilitering van werkswinkels en coaching uit te leef.

Ons is dankbaar vir julle belangstelling en ondersteuning gedurende 2023. *Ons begeerte* en passie o*m te help met die herstel van gemeenskappe deur die fassilitering van gesonde verhoudinge met seerkry kinders, gebroke huise en ongesonde werksplekke, sou nie moontlik gewees het sonder julle meelewing nie.*

***Aan God al die Eer!***

Theumis en Magda Scheepers